
Sakkie Slabbert

Doeltreffende vroeë onkruidbeheer in kanola

KOBUS VAN TONDER, SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER

"Weerbarstige onkruid is in die Kaapse koringlande 'n krag om mee rekening te hou. In baie gevalle bepaal onkruid reeds die soort wisselboustelsel wat in die Swartland gevolg word. Talle graanprodusente word bykans verplig om kanola te plant."

Dié opmerking is gemaak deur niemand anders nie as die gewaskenner, prof André Agenbag van die Universiteit van Stellenbosch, tydens die jongste kwartaallikse vergadering van die Kanola-werkgroep op Elsenburg.

Ook mnr Andries Theron, visevoorsitter van Graan SA en graanprodusent van Moorreesburg, meen dat onkruiddruk verskeie produsente in 'n soort knyptang beet het waaruit hulle moeilik gaan ontsnap. Hulle plase is te klein en hul kan gevolglik nie bekostig om koringgrond op te gee nie.

Sulke produsente beoefen meestal monokultuur – 'n stelsel waaronder onkruid floreer as jy nie in jou pasoppens is nie. Die werklikheid hiervan is dat baie Wes-Kaapse graanlande die slagveld in 'n fel chemiese/biologiese stryd geword het weens die gebruik van meer en kragtiger chemiese onkruiddoders.

Onkruid se biologiese antwoord op al die chemie is om hulself tot allesoorheersende "superkruide" te herontwerp met groter weerstandbiedendheid teen onkruiddoders.

'n Stadium is nou bereik waar hierdie "superkruide" 'n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van die plaaslike kleingraanbedryf inhou. Dit word vererger deur te veel produsente wat nog onkruid beveg "deur dieselfde tegnieke oor en oor toe te pas en nogtans beter resultate verwag" – iets wat Einstein terloops al as die definisie van waansin beskryf het...

Mnr Sakkie Slabbert, hooflandboukundige van die Departement van Landbou vir die Swartland, Wes-Kaap, sê daar is 'n baie makliker manier én 'n baie mooi een daarby, om onkruid onder beheer te hou – plant kanola.

Kanola verrig wonderwerke as dit by onkruidbeheer in 'n wisselboustelsel met koring kom, sê Slabbert. Dit is omdat weerstand teen spuitstowwe tot die minimum beperk word waar sowel chemie en gewasse gereeld en doeltreffend afgewissel word, soos wat in só 'n stelsel die geval is.

Weens sy lang betrokkenheid by die jaarlikse Kanola-kompetisie, weet Slabbert waarvan hy praat. Reeds sedert 2008 se kompetisie het dit duidelik geword dat onkruidbeheer dalk die belangrikste faktor is om die goeie winsgewendheid van dié opkomende gewas te bepaal.

"Deur tydens die kompetisie net deur die lande te stap, kon jy opmerk dat dit die deelnemers met die minste onkruidprobleme is wat gewoonlik hoër opbrengste behaal en dus die kompetisie wen," sê Slabbert.

'n Ander baie interessante verskynsel in onlangse kompetisies in veral die Swartland, is dat die triasien-bestande kultivars, met hul gewoonlik laer opbrengspotensiaal, oor die algemeen hoër opbrengste gelewer het as dié van die konvensionele kultivars wat normaalweg die beter presteerders is.

Slabbert skryf die verskynsel aan die beter onkruidbeheer toe wat by triasien-bestande kultivars moontlik is. Die voordeel van sulke kultivars is dat die triasien-bevattende chemiese onkruiddoders met planttyd en kort na opkoms toegedien kan word. Die jong kanola-saailinge kom dus met weinig kompetisie van enige onkruid op, hetsy grasse of breëblaar.

Gedurende die lewensloop van kanola is opkoms sekerlik die kwesbaarste stadium waartydens landerye so ver as moontlik onkruidvry gehou moet word. "Versuim hier lei tot opbrengsverliese later," sê Slabbert.

"Dit is so dat kanola op 'n jong groeistadium geweldig sensitief is vir onkruidkompetisie van veral grasse. Dit verhinder dat hulle vroeg begin om voldoende blaaroppervlakte aan te lê. Gevolglik bly die plantjie klein en versmoor uiteindelik."

Hy meen dat talle produsente te oorversigtig is om vroeg te spuit. Hulle is bang dat landerye weer besmet kan raak met onkruide en veral grasse wat op 'n later stadium ontkiem en opkom. Ondervinding wys dat opbrengste hoër is waar triasien-bevattende middels vroeg ná opkoms gespuit word.

"'n Goeie stadium vir onkruidbeheer by kanola is wanneer twee volwasse blare gevorm het. Die grasse moet eweneens oor minstens twee blare beskik sodat die spuitstof makliker opgeneem kan word," aldus Slabbert.

"Onkruiddruk en -weerstand word nou werklik 'n groot probleem in die Swartland. Soos in koring, is veral ramenas, dubbeltjie en kiesieblaar deesdae ook moeilik om in kanola te beheer. Die vermoede bestaan dat ramenas reeds weerstand teen onkruiddoders begin toon."

'n Terugblik op die Swartlandse-been van onlangse Kanola-kompetisies, toon ook dat sommige van die deelnemers net by magte was



Kanola bied veel meer as net 'n laslappiemooi landskap. As kontant- en wisselbougewas in eie reg, is kanola nommerpas om die bedreiging van onkruid in graanlande af te weer.



'n Goeie voorbeeld van deeglike onkruidbeheer op 'n vroeë stadium in kanola. Die plantjies het geen kompetisie te vrees nie en sal uiteindelik voortgroei om hoër opbrengste te lewer.
Foto: Sakkie Slabbert

om grasse te beheer. Gevolglik was oesverliese grootliks deur breëblaar-onkruide veroorsaak.

Volgens Slabbert is triasien-bestande kultivars dus 'n baie goeie keuse vir die Swartland omdat dit die gebruik van ander tipes onkruiddoders ook moontlik maak as net dié wat normaalweg op koring en lupiene aangewend word. Triasien kan ook baie van die breëblaar-onkruide dood.

Hoewel die meeste produsente daarin slaag om grasse in kanola maklik te beheer, is daar tog sekere grasse, waaronder raaigras, wat op sekere plekke baie weerstandbiedend geword het. Hier dink Slabbert veral aan die Malmesbury/Durbanville-omgewing. Die res van die Swartland word egter nou ook toenemend deur weerstandbiedende raaigras bedreig.

'n Produsent moet gevolglik voortdurend bewus wees van die soorte onkruid wat geskiedkundig in sy kampe voorkom alvorens kanola daar gevestig word.

Weens verskille in klimaat, wisselboustelsels en spuitprogramme vir onkruid, ondervind produsente in die Suid-Kaap minder probleme met onkruide as produsente in die Swartland.

Die meeste Suid-Kaapse graanprodusente beoefen 'n langtermyn-wisselboustelsel waartydens lusern vir etlike jare verbou word. Dié lang lusernfase skep genoeg ruimte om grasse met nie-selektiewe onkruiddoders uit te spuit.

Boonop kry die Suid-Kaap dikwels 'n skaam somerreëntjie en/of 'n vroeë winterreën wat geleenthede skep om onkruid te beheer

TABEL 1: SUID-KAAP KANOLA-KOMPETISIE-RESULTATE VIR ONKRUIDBEHEER – 2009/2010.

Onkruiddoder	Opbrengs ton/ha 2009	Relatiewe afwyking %	Deelnemers	Opbrengs ton/ha 2010	Relatiewe afwyking %	Deelnemers
Atrazine/simanien	1,73	5,32	8	1,23	-11,69	8
Cysure	1,52	-7,02	3	1,00	-28,04	2
Ander grasdoders	1,62	-1,39	14	1,54	10,72	17
	1,64			1,39		

TABEL 2: SWARTLAND KANOLA-KOMPETISIE-RESULTATE VIR ONKRUIDBEHEER – 2009/2010.

Onkruiddoder	Opbrengs ton/ha 2009	Relatiewe afwyking %	Opbrengs ton/ha 2010	Relatiewe afwyking %	Aantal deelnemers
Atrazine	1,31	2	1,53	4,8	11
Cysure	1,10	-5	-	-	0
Ander grasdoders	1,29	0	1,30	-11	5
	1,29		1,46		

Vervolg op bladsy 116

Doeltreffende vroeë onkruidbeheer in kanola

Vervolg van bladsy 115



Die aanslag van onkruid is baie duidelik uit hierdie foto. Kanolaverbouing in 'n wisselboustelsel bied 'n goeie geleentheid om te verhoed dat grasse soos hier 'n land oorneem.
Foto: Sakkie Slabbert

alvorens kanola geplant word. Kanola-saailinge kom gevolglik bykans onkruidvry op.

"Suid-Kaapse produsente ondervind dus in die algemeen minder ernstige onkruid en onkruidweerstand as hul eweknieë in die Swartland en daarom kan grasonkruide meestal met die gewone grasonkruiddoders beheer word," sê Slabbert.

In die Swartland het altesame elf deelnemers (teenoor net vyf in 2009) tydens 2010 se Kanola-kompetisie triasien toegedien. Die resultaat was totale onkruidbeheer vir die volle duur van die groeiseisoen. Hul gemiddelde opbrengs was 4,8% meer as dié van die gemiddelde (sien **Tabel 2**).

Die res van die deelnemers het hoofsaaklik net die standaard onkruiddoders vir die beheer van grasse toegedien. Hul opbrengste was 11% laer as die gemiddelde van die deelnemers.

Slabbert het ook opgemerk dat onkruidbeheer vanaf opkoms oor die algemeen goed was waar triasien-bevattende onkruidmiddels gebruik was. Hy beskou dit as moontlik een van die belangrikste redes vir die hoër opbrengste wat hulle behaal het, vergeleke met daardie produsente wat net standaard grasdoders gebruik het en gevolglik grasse eers later beheer het.

In **Tabel 1** en Tabel 2, waar resultate van die Kanola-kompetisie vir die Suid-Kaap opgesom word, kan gesien word dat die konvensionele kultivars wat nie spesiale onkruiddoderbestandheid bevat nie, baie goed in die Suid-Kaap vaar en hul inherente opbrengspotensiaal gestand doen deur beter opbrengste as die triasien-bestande kultivars te lewer.

Volgens die tabelle was die situasie in die Suid-Kaap omgekeerd omdat verhoudingsgewys, minder deelnemers triasien-bevattende onkruiddoders vergeleke met gewone grasdoders gebruik het. Slabbert meen die tendens wys op die laer onkruiddruk wat in die Suid-Kaap ondervind word.

Altesame agt deelnemers het triasien-bevattende middels gebruik. Hul opbrengste was byna 12% laer as die gemiddelde. Daarteenoor was die 14 deelnemers wat gewone gras-onkruiddoders gebruik het, se opbrengste byna 11% hoër as die gemiddelde.

Dit is volgens Slabbert gevolglik moontlik om met 'n kombinasie van gewone grasdoders en konvensionele kultivars steeds goeie opbrengste te behaal.

Hy wys daarop dat die resultate soos vervat in die tabelle net as tendense beskou moet word. Ander faktore soos stikstofbemesting, tyd van opkoms en reënval speel ook belangrike rolle in die uiteindelike opbrengste wat behaal word.

Die doel van die artikel is daarom nie om verskillende onkruiddoders met mekaar te vergelyk nie. Dit gaan veel eerder daaroor om die belangrikheid van vroeë en goeie onkruidbeheer te illustreer. ■